


2 Kor.5:14-21
Goeie Vrydag, 25 Maart 2016

Daar staan twee onafhanklike mense langs die strand en bewonder 'n sonsondergang. Die ene kyk vol bewondering na die oranja-geel kleure en vergaap hom aan God se kleurvolle skeppingsgebeure. Die ander man staan ook en kyk in stilte totdat die laaste gipsie sonstrale agter die horison verdwyn, en nog steeds bly hy rustig en kyk. Terwyl die ene dan omdraai en wil gaan, neem hy die tweede man waar wat nog steeds vasgenaal in die rigting weste staan en vra: "Dit was pragtig nie waar nie? Jy is seker 'n kunstenaar wat met aandag nou sekerlik geïnspireerd is om die volgende skeppingswerk te gaan aanpak?" vra hy die tweede man. "Nee," antwoord die: "Ek is 'n gewone loodgieter, maar ek was vir vyf jaar lank blind. Vandag sien ek weer vir die eerste keer wat se voorreg is dit om te kan sien."

Ons kyk vandag almal na die kruisgebeure. Wat 'n voorreg om te kan sien! Vir omtrent ses ure lank is die mensdom vasgenaal, staan na die Gekruisigde. Dis nie 'n pragtige sonsondergang dié nie, maar 'n bloeddige afvêre. Sommiges wil dit nie eers hoor nie, wat dan om na te kyk?

Hulle noem dit *Goeie Vrydag* - maar wat *goed* daaraan is, moet jy waarneem so asof jy dit vir die eerste keer sien. Jy sien wel met oë, jy lees wel die teks, maar jy sal slegs met die hart kan waarneem wat daar gebeur. Hoe sal ons dit verklaar? Hoe sal ons die vinger op dit kan plaas wat werklik gebeur het? Paulus verduidelik: Daar gee God sy hart. Daar werf Hy vir jou en my hart. Daar sterf *dié Seun van die mens* om elke dogter en seun van die mens *die lewe* te gee.



Kom ons neem net 'n kort aanloop tot ons teksgedeelte. Paulus word in die hoek gedryf. In hierdie gedeelte van sy sogenaamde 2de brief aan die Korintiërs verdedig hy homself teenoor diegene wat nie veel van Paulus dink nie. "Wat soek daardie praatjiesmaker by ons? Laat hom maar rondswerf en sy dinge doen. Hy preek net sodat hy geld kan maak. Ons stel nie belang in Paulus nie" - so redneer van hulle in die gemeente. Paulus hier egter, krimp nie in minderwaardigheid in sy dop terug nie. Nee, met oortuiging skryf hy omrede in hierdie geval, dat wanneer hy persoonlik aangeval word, ook die boodskap ondermy word. En nou verwys hy weer na die kernaangeleentheid - die kruisgebeure. Dmv hierdie beskrywings kan ook ons God se hart verken:

(lees preekteks 2 Kor 5:14v)

Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.

Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe skepping. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.

Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Laat julleself versoen met God! Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.

Liewe gemeente,

Hoor julle wat Paulus verduidelik daar op Golgotha gebeur het: God het vir Jesus tot sondaar verklaar: Jy, Jesus is die sonde in persoon! Letterlik staan daar: God het Jesus tot *sonde* verklaar.

Wat Jesus, 'n sondaar? As daar en mens ooit op aarde was teen wie géén aanklaag gevind kon word nie, dan was dit Jesus. Hoe is dit dat God juis Hom uitsonder en Hom alleen straf? Hoe verklaar God sy eie Seun tot sonde?

Liewe gemeente,

daar is 'n plek waarheen ek vinger kan wys en sê: daar is die sonde! Daar is die sondaar van alle sondaars! Maar as jy dit doen, moet jy twee dinge doelbewus weet. Eerstens: jy moet weet wat sonde beteken. En tweedens: jy moet aanhou vinger wys na Hom wat alle sonde op Homself geneem het.

I

Eerstens dus: Weet jy nog wat *sonde* is? Nee, ons praat nie van stoutighede waar jy stilletjies gekul het, waar jy onnodig gevloek het of onnodig bitterheid in jou hart dra. Ons praat nie slegs waar jy vanoggend iemand se parkeerplek weggegap het nie. Ons praat nie van die meervoud “sondes” nie, maar van enkelvoud: dié Sonde.

Weet jy wat *sonde* is - dan weet jy ook wat *verlossing* beteken. Ek onthou 'n Bybelstudiereeks waar ons twee volle sessies, meer as 3 ure benodig het om slegs oor hierdie begrip te praat.

Hier is enkele verwysings met wat die Bybel met sonde bedoel: *Sonde* is

- die afgesonderheid van God (verkeerde posisie teenoor die Skeppergod),
- die fokus van die mens op homself (ingebore eienskappe om egoïsties te wees),
- die geneigdheid om weg van God te vlug (verskonings uitdink, self reg te maak),
- die eensamheid en onvervulde wense (ervaring van leegheid en sinneloosheid),
- die gebrokenheid (verval en destruktiewe magte soos siekte, katastrofes, seermaak en seer kry),
- die veroordeling van God (kán nie meer na die paradys toe terug, onvermoë om 'n beter wêreld te maak),
- die dood en verdoemenis (uiteindelike uitwissing van sonde voor God).

Dit verg goddelike insig van wat die Bybel met *sonde* bedoel. Ons volg nie in hierdie opsig die natuur, die kultuur of openbare menings wat moontlik verkeerd geloop het nie, nee, ons volg die Skrif.

Illustrasie: Daar staan my drie-jarige dogtertjie langs 'n ander maatjie en kyk na haar. Sy het nou onlangs gesien wat haar eie lengte teenoor 'n liniaal was. En nou sien sy hierdie ander dogtertjie raak, tel haar hand na haar kop toe en roep vol blydschap uit: “Kyk pa, ons is altwee net so groot soos ek!”

Ons mag oor kindertjies glimlag maar dit is inderdaad wat ons almal doen. Ons gebruik onself as eie maatstaaf en ons vertroetel onself in dit wat ons doen. Dit is immers die neiging van die alle mense, is dit nie? - dat ons alle ander volgens ons eie ervarings beoordeel. En ook die ervarings van ander mense rondom my kan ek slegs deur my eie oë beoordeel. Ons kán nie uit onself kom nie om insig in God se standarde te verkry nie. En hierdie toestand noem die Bybel *sonde* - ons is vasgevang in ons eie standarde.

Eers wanneer die Gees van God oor ons kom, ons tot nuwe insigte bring, ons vernuwe, kom ons agter waarvan God ons eintlik verlos het. Daarom laat ons oorgaan tot die positiewe beeld van die mens - die nuwe skepping.

Hoe praat Paulus van 'n nuwe mens wees, 'n *nuwe skepping*? Waarvan praat Paulus?

Dit is waar ons met geestesoë na die kruisgebeure moet kyk. In Jesus het God *mens* geword. Daar aan die kruis sien ons wat mens-wees beteken. Jesus word daarom *die Seun van die mens* genoem omdat Hy die mens as sulks daarstel.

Met alles wat ons dink ons presteeer het of waar ons gevaal het. Daar is Hy in die toestand waarin ons ons almal bevind. Daar het Hy die sondige bestaan op Homself geneem ...

En God veroordeel dit met alle erns en bitterheid. Daar sterf die mens sy dood. Daar eindig die sonde omdat God die doodvonniss daarvoor uitgevoer het. Hierdie sonde moes radikal bestraf en vernietig word! En die geheim van die kruisgebeure is dit: dit is God self in Christus.

Is die mens dan in *God se ewebeeld* geskape (Gen 1), dan sterf God se ewebeeld dáár aan die kruis - te mindste dit wat ons mense van God se ewebeeld gemaak het. Ek herhaal: Jesus verteenwoordig alle mense

van alle tye. In Hom word die sonde (alle sondes) dáár op een plek gekonsentreer. Dáár het die sonde sy dood gesterf. Daar vergaan die wêreld aan sy eie oortreding en ongehoorsaamheid.

En nou kan ons ook alle enkele sondes weer opnoem: Daar aan die kruis word alle siekte, alle droefheid en weemoed, alle smart en lyding saamgevat. Dit was niks bewonderswaardig of selfs strewenswaardigs nie, nee, dit was gruwelik angswekkend en tot die uiterste, uiterste afgrysig. Sien ons dít aan die kruis? Daar is geen grootter sonde as dáár in Hom wat aan die kruis doodbloei. Ses ure lang hang Hy daar as verbryselde toonbeeld vir almal om hulleself in Hom raak te sien...

Dit verg moet om voor die kruis stil te hou en aanhou kyk. Die meeste mense draai voor die tyd om. Dit is te erg, te bloedig, te wreed - veel wreder as wat Mel Gibson in sy film of enige iemand anders ooit sal kan daarstel nie. Só erns maak God met sonde; só radikal bestraf Hy sonde totdat dit total vernietig is.

Net so moet ons ook die tweede sin byvoeg: Maar daar is niks só vertroostend dat wanneer jy na die kruis kyk, jy weet dat ook jou sonde dáár is, en nie meer by jou nie. Jy is dus heilige, onberispelik en volmaak is.

II

En daarom nou die tweede stap wat jy en ek sal moet doen. As ons vingerwys na Hom toe, dan nie meer elders nie. Wat aan die kruis gebeur het, is dat God in Jesus die wêreld weer met Homself versoen het. Omdat geen mens die straf sou oorleef nie, tree God uit Homself uit, gaan in Jesus is, neem alle sonde op Homself, verduur die straf, sodat jy en ek vry kan wees. En as jy en ek as mense vry geword het van alle sondes, dan is mos weer soos God die mens van die begin af bedoel het, nie waar nie?

Iemand wat deur Christus bevry is, is 'n ewebeeld van God. Iemand wat met Christus deur die heilige doop een geword het, is 'n nuwe skepsel. Daarom, so verduidelik Paulus, sien ons mekaar raak as nuwe mense. Prakties beteken dit, wanneer ek nou 'n medesuster of -broer sien wat met Christus een is, dan sien ek iets van Christus raak. Die sonde is weg! Waar is dit? Aan die kruis.

Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe skepping. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

2Co 5:16 No longer, then, do we judge anyone by human standards. Anyone who is joined to Christ is a new being; the old is gone, the new has come. All this is done by God, who through Christ changed us from enemies into his friends and gave us the task of making others his friends also. (Good News Bible)

Vanselfsprekend is hierdie bedoeling dat ons baie méer is as “vriende”; ons is lede in Christus, een in sy liggaam, kinders van God. Só sien ons julle, skryf Paulus, en só behoort julle Korintiërs ons ook te sien.

III

En nou die laaste gedagte: die oproep tot versoening.

Hoe kan ons verdeeldheid, negatiewe kritiek of spanninge in die gemeente oorwin? Paulus verwys na die sentrum van die Christelike geloof: Laat julle versoen word met Christus!

Kyk nie na ander mense as maatstaaf, na hulle prestasies of voute nie, moenie die probleme of spanninge tot middelpunt maak nie, maar kyk na die kruis, en besef:

Wat God gedoen het vir jou en my, vir die wêreld, ja die hele kosmos - dit is die inhoud van Paulus se oproep. Immers was dit nodig, omdat sommiges in die gemeente van Korinth Paulus se amp as Apostel bevraagteken het. En Paulus verduidelik dat hy nie anders kan nie as om hierdie boodskap van versoening uit te dra nie. Soos reeds gesê, is dít die boodskap wat die hele kosmos aangaan. Daar is nog genadetyd ! Die nuwe skepping het reeds begin. Moenie langer vashou aan die ou wêreld, aan die ou lewensstyl, aan dinge wat aan die verbygaan is nie.

En as jy vra: “Wat doen jou predikant eintlik? Wat behoort hy te doen? Wat is sy prioriteit?” - dan luister wat geskrywe staan: *Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeeke julle namens Christus: Laat julleself versoen met God !*

Is dit slegs predikante, voltydse leraars wat hierdie roeping het? Allermens is **dit die kerk se opdrag en daarom elke Christen se roeping**. Hierdie is die groot sendinghoofstuk by Paulus. Ons is ambassadeurs wat namens Christus, Christus se agenda voortdryf - Christus self roep deur ons tot die mensdom: “Kom, word deel van MY want EK het julle met God versoen.” En weet jy wat versoening beteken? Versoening beteken dat twee dinge wat niks met mekaar te doen het nie, by mekaar uit kom. Twee persone wat in hewige stryd met mekaar gestaan het en net verbind is omdat hulle in vyandskap leef, word nou weer vriende. **Versoening beteken dat die heilige God en die sondige mens wat niks met mekaar te doen het as dat hulle vyande is, nou in Christus by mekaar uitgebring word en weer vriende word.**

Nou is daar vrede, nou is daar harmonie, nou het die nuwe skepping begin. Nou sal niks ns meer skei van die liefde van God wat daar is in Christus Jesus onse Here. Amen.

Seënwense: Mag God gee dat ons in sy Gees al hoe dieper in die geheimenis van die Christus indring en sodoende al meer gelyk word aan Hom in sy lyding en in sy opstanding en so deurdring tot die volmakte heerlijkheid wat vir ons nou al berei is. En mag die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, julle bewaar in Christus Jesus, onse Here. Amen.